**Vrydag 13 Januarie**
**Skrifgedeelte: Kolossense 3:5-17**
**Fokusgedeelte: Kolossense 3:9-11**
**Ons nuwe menswees in Christus**

Ons nuwe menswees in Christus staan voorop in die brief aan die Kolossense. Gebore as kinders van Adam, het die Kolossense geweet hoe dit was om "vervreemd en vyandig van verstand te wees, wat bose dade doen", want dit is hoe hulle was voordat hulle op Christus vertrou het. Inderdaad, dit is die toestand van alle gevalle mense behalwe Jesus, wie se dood en opstanding sy volk uit hierdie duisternis en in God se wonderlike lig verlos (Kol. 1:21-23).

Jesus Christus alleen breek die mag van sonde en haal mense uit die toestand om in Adam te wees – die mensdom in sy gebrokenheid, magteloosheid en onheiligheid, die manier waarop ons nie ontwerp is om te funksioneer nie (2:1-15). Hierdie ou mensdom is in Christus dood verklaar en gelowiges word nou in Hom nuwe, volmaakte mense verklaar. Om 'n Christen te wees, beteken om as nuwe mense in Jesus te leef; om liefde, heiligheid, sagmoedigheid, geduld en al die ander eienskappe wat van gelowiges ware mense maak, aan te trek (3:1-17). Wanneer ons hierdie eienskappe uitleef in verhouding tot ander in die kerk en in die wêreld, leef ons Christene soos God oorspronklik alle mense ontwerp het om te lewe en die kerk word die uitdrukking van wat mense veronderstel is om te wees.

Die beeld van God is nie heeltemal vernietig in die gevalle mensdom nie, maar ons sin van wat dit beteken om te funksioneer soos ons oorspronklik ontwerp is, is erg verdraai. Gevolglik moet ons leer wat dit beteken om mens te wees, en dit kan slegs gedoen word in die konteks van 'n kerk wat getrou is aan die Woord van die Verlosser wat die beeld van God is. Ons kan nie geestelik groei nie, en nog minder leer om mens te wees, sonder die ware kerk van Christus. Mag ons onthou dat ons groot Verlosser ons nie net van sonde red nie, maar ons ook red tot ware menswees. Laat ons uitgaan en leef in navolging van Hom, sonder Wie ons nooit sou weet wat dit is om mens te wees en ten volle die beeld van God te dra nie.

*Sing: Skrifberyming 24:2, 3*

*Ds. GD Oosthuizen (Orrie) (Vaalharts)*